# 2 Desember 2023 - Lesing 191 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Siele in die hiernamaals moet gewys word op JaHshua Messias – 2/3/61

**NO: 7839** Wie My in die ryk hierna bely, die is ook vir alle ewigheid gered. Want as die siele wat nog in **duisternis of in die skemering** bly hulle nie meer verset teen My Naam nie, as hul deur **ligbodes in vermomming** of deur middel van **gedagteoordrag van liefdevolle mense** oor My en My verlossingswerk getuienis afgelê word, **wyk die duisternis ook van hulle.**

Die **krag van My Naam** sal reeds op hulle inwerk en hulle na My dryf. Hulle sal My gaan soek en Ek sal My ook laat vind. Maar die wil van die siele is en bly vry. En daarom kan daar ook 'n **lang tyd verbygaan** voordat hulle My aanneem, voordat die krag van die voorspraak deur mense werksaam word, of die ligbodes wat hulle vergesel sonder om herken te word, sukses het en hul **My evangelie** kan bring.

Maar die inspanning vir hierdie siele word nie opgegee nie en dit is daarom tot groot seën as siele opsetlik daarby geroep word, **daar waar geestelike gesprekke plaasvind.** Waar van die verlossingswerk melding gemaak word, omdat ook hierdie siele steeds weer **op JaHshua Messias gewys moet word**, sodat hulle vrywillig die weg kan neem tot My en My om vergewing van hul skuld smeek. Want solank hulle nog onsalig is, is hulle **nog belas met hulle skuld**.

En hul ellende kan hulle aanspoor om 'n verbetering in hul toestand na te strewe en na te dink oor hulleself, oor hul lewe op die aarde en hul verhouding tot My - hulle God en Skepper van ewigheid.

Hulle weerstand word al verminder as hulle **liefdevolle voorspraak van die kant van die mense** ondervind, as daar met liefde aan hulle gedink word en hulle die wil om te help bespeur. Dan word hul weerstand teen die hulp wat hul in die hiernamaals steeds weer gebied word ook minder en die opgee van hulle weerstand is reeds die begin van vooruitgang.

Want met elke opwelling van so 'n siel word rekening gehou en word haar 'n klein lig geskenk, wat haar verbly en haar verlange daarna vergroot. Die siele in die hiernamaals moet die weg na My vind, as hulle My op aarde nog nie gevind het nie. **En julle mense kan veel daartoe bydra** as julle meer dikwels dink aan die siele wat in nood is, wanneer julle elke siel wat in julle gedagtes binnekom, steeds weer daarop wys om haar aan My toe te vertrou, **aan die Goddelike Verlosser JaHshua Messias,** Wie haar alleen salig kan maak.

Julle liefdevolle gedagtes wat vir hierdie siele uitgaan, **is soos ligvonke wat vreugde in haar opwek en waarop sy altyd ag op sal slaan en waarop sy sal afstuur**.

Op aarde het sy haar so ver as moontlik weggehou van alle geestelike onderrig. Sy het slegs haar aardse lewe geleef en so gaan sy na haar dood **geheel sonder geestelike goedere** die ryk hierna binne. Nou moet sy vir haarself in vrye wil eers geestelike goedere verskaf. Sy mag geen weerstand bied as die evangelie in liefde vir haar uiteengesit word nie en **sy moet dit ook in liefde deurgee** aan diegene wat net soos sy daaraan toe is, en wie hulle toestand graag wil verbeter.

Sodra julle mense julle oor hierdie siele ontferm, is hulle nie verlore nie. Julle gedagtes sal hulle altyd na julle toe trek en hulle sal deur julle in ontvangs kan neem wat hulle tot nog toe afgewys het, maar nou as 'n weldaad ervaar, omdat julle liefde dit vir hulle laat toekom. **Want die liefde is 'n krag wat nie sonder uitwerking bly nie**.

Dink dikwels aan hierdie siele wat nog in die duisternis smag, wat die weg na My in JaHshua nog nie gevind het nie. Toon hulle die weg en maak hulle vertroud met die evangelie en julle sal 'n **seënryke verlossings-werk verrig wat baie belangrik** is, in die besonder in die eindtyd, omdat dan nog baie siele hulleself sal moet bevry uit die diepte, **sodat hulle nie aan 'n herneude kluistering ten offer val**, wanneer die einde aangebreek het nie. Amein.

***Maleagi 4:5*** *Kyk, Ek stuur julle die profeet EliJaH[ûW] voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek. 6 En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie.*

Heb 12

*22 Maar julle het gekom by die* ***Berg van Sion*** *en die* ***Stad van die lewende Elohim****, die Hemelse Jerusalem en tienduisende Boodskappers,*

*23 by die* ***feestelike vergadering*** *en die* ***gemeente van eersgeborenes*** *wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en* ***by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is,***

*24 en by JaHWèshua,* ***die Middelaar van die Nuwe Verbond,*** *en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.*

*25 Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op Aarde 'n waarskuwing gegee het, veel minder Ons wat Ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die Hemele spreek.*

*26 Toe het Sy Stem die Aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die Aarde nie, maar ook die Hemele bewe.*

*27 En hierdie Woord: nog een maal, wys duidelik op* ***die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly****.*

*28 Daarom, omdat Ons* ***'n onwankelbare Koninkryk ontvang,*** *laat Ons dankbaar wees, en so Elohim welbehaaglik dien met eerbied en vrees.*

*29 Want Onse Elohey is 'n verterende vuur.*